Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

Gev Univ Dipl in Mondhigiëne Mondhigiëne (11120013)

Duur van studie 1 jaar

Programinligting

Die program word geïntegreerd aangebied en beplan rondom een of meer van die tandheelkundige dissiplines of enige ander tema soos met die betrokke departementshoof(de) ooreengekom en deur die Dekaan goedgekeur.

Die program word slegs op ’n deeltydse basis aangebied met kontakure soos deur die betrokke departementshoof(de) bepaal.

Toelatingsvereistes

Kandidate moet in besit wees van 'n Diploma in Mondhigiëne of Tandterapie of 'n gelykwaardige kwalifikasie en moet by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika as mondhigiënis of tandterapeut geregistreer wees.

Ander programspesifieke inligting

Die **basiese** vak word deur die departementshoof bepaal en deur die Dekaan goedgekeur.

Eksamens en slaagvereistes

(i) ’n Jaarpunt van minstens 50% word vereis om tot die eksamen toegelaat te word. ’n Subminimum van 50% word in die eksamen vir alle modules vereis met ’n finale punt van minstens 50% om te slaag. ’n Student wat een of meer van die modules druip, moet sodanige modules in die daaropvolgende semester herhaal en eksamen daarin aflê. In modules wat geslaag is, word slegs praktiese en kliniese werk vereis.

(ii) Die vereistes hierbo genoem geld ten opsigte van ’n student wat na herhaling van ’n semester weer van die modules druip.

Slaag met lof

Die diploma word met lof uitgereik aan ’n student wat ’n gemiddelde van minstens 75% in beide die hoofstudierigting en die basiese vak behaal.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 100

Kernmodules

Periodonsie 701 (PRN 701)

Modulekrediete	100.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Periodonsie en Mondgeneeskunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Kaak-, gesig- en mondchirurgie 701 (KGM 701)

Modulekrediete	100.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Gemeenskapstandheelkunde 702 (GTH 702)

Modulekrediete	100.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 seminare per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Gemeenskapstandheelkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Praktykbestuur 701 (PRS 701)

Modulekrediete	90.00
Voorvereistes	Ten minste een jaar praktykervaring
Kontaktyd	10 lesings van 90 minute elk
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Tandheelkundige Bestuurswetens
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die diploma sal die nagraadse student in staat stel om vaardig te raak op die gebied van praktykbestuur deur 'n begrip vir besigheidsvaardighede te ontwikkel. Die student moet die vermoë demonstreer om praktykverwante bestuursprobleme te analiseer en te interpreteer.

Prostodonsie 701 (PRD 701)

Modulekrediete	100.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Prostodonsie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Ortodonsie 701 (ORD 701)

Modulekrediete	100.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ortodonsie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Mondpatologie 702 (MPG 702)

Modulekrediete	100.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Mondpatologie en Mondbiologie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.